



TOER MET ANDRÉ RIEU-KONSERT TOERPROGRAM 5 – 14 Julie 2024

Julie

Vr 5 JOHANNESBURG – FRANKFURT

Ons ontmoet op **05 Julie** om **15:00** by **Lufthansa** se inweegtoonbanke by **Terminaal A** op die O.R. Tambo-lughawe in Johannesburg. Ons vertrek om **19:00** met **Vlug LH 573** na **Frankfurt**.

Sa 6 FRANKFURT – BRUSSEL – MAASTRICHT

Ons land vanoggend om **05:35** in **Frankfurt** en vertrek om **09:00** met **Vlug SN 2608** na **Brussel**, waar ons om **10:10** land. Indien die tyd dit toelaat kry ons geleentheid om bene te rek op die imposante Grote Mark van Brussel en dalk net 'n egte Belgiese wafel te proe. Onderweg na **Maastricht**, ry ons deur die pragtige universiteitstad Leuven en daarna voort waar ons uiteindelik op die **Otello** aan boord gaan. Met aankoms ontvang u 'n kajuitsleutel en maak u tuis in u kajuit. Daarna woon ons 'n skemerparty by waar die bootpersoneel aan ons bekend gestel word en geniet ons die eerste aandete op die boot.

So 7 MAASTRICHT

Die Otello lê naby die ou stad. Na ontbyt het ons vrye tyd.

Daar is baie te sien in hierdie pragtige stad – volgens oorlewering Nederland se oudste stad. Nie ver van die boot af nie, kan 'n mens busuitstappies onderneem waartydens 'n mens meer van Maastricht kan sien.

Ons het geleentheid om te gaan kyk waar Vrijthof geleë is en die stad te verken. In die straat agter Vrijthof se verhoog, is 'n André Rieu-museum en die moeite werd om te besoek. Aangesien ons vroeg môre-oggend vertrek, is vandag die enigste geleentheid vir inkopies in Maastricht.

Ná 'n vroeë aandete op die boot stap ons as 'n groep, elkeen gewapen met 'n Suid-Afrikaanse vlaggie, na Vrijthof. Die atmosfeer in die strate is gewoonlik elektries. Dis 'n belewenis om saam met duisende ander mense van oor die hele wêreld hierdie skouspel te ervaar. Rieu en sy orkes en sangers voer ons weg met die walse van Johann Strauss en die musiek van ander komponiste. Ons kuier tot net voor middernag saam met ander en keer dan in groepies terug na die boot.

Ma 8 MAASTRICHT – ROERMOND

Ons boot vertrek vanoggend om **07:00** na **Roermond**, waar ons om **12:30**: aankom.

Die stad met sowat 60 000 inwoners lê by die samevloei van die Maas en die Roer. Roermond was ook lid van die Hansegilde. Die stad het reeds in 1231 stadsregte ontvang. Deur die eeue het die Romeine, Spanjaarde, Franse en selfs die Habsburgers om die beurt hul stempel hier afgedruk.

Ons het na middagete tyd om in die geskiedkundige ou stad te gaan stap. Die stadskern is as 'n bewaringsgebied aangewys. Daar is heerlike winkels orals in die stad, of u kan op die lewendige markplein kuier of die pragtige Munsterkerk wat deur Albert Cuijpers ontwerp is, gaan besigtig. Cuijpers was Nederland se bekendste argitek en het onder andere die Rijksmuseum in Amsterdam ontwerp. Hy het in Roermond gewoon en sy huis is vandag as 'n museum aan sy besondere nalatenskap gewy.

Di 9 ROERMOND – VENLO – CUIJK

Die boot vertrek vanoggend om **06:00** en meer ongeveer **09:00** in **Venlo** vas.

Venlo lê aan die Maasrivier, in die provinsie Limburg, naby die grens van Duitsland. Die stad het ongeveer 102 000 inwoners en is in 2003 aangewys as Europa se groenste stad. In 2012 is die Floriade, die wêreld se grootste tuinbou-uitstalling, hier aangebied.

Venlo is in 2013 as Nederland se beste middestad aangewys. Die stad se pragtige ou gewels en imposante geboue laat 'n blywende indruk. Die stadsaal op die markplein is 'n skilderagtige gebou. Vir eeue lank was die stad lid van die Hansegilde.

Ons het genoeg tyd om in hierdie merkwaardige stad deur te bring voordat die boot om **18:00** verder na Cuijk vaar waar ons om **21:30** vasmeer.

Wo 10 CUIJK – ANTWERPEN – BRUGGE

Cuijk lê by 'n kromming in die Maasrivier en bestaan reeds lank voor die Romeine hulle hier gevestig het. Onlangse argeologiese opgrawings bevestig dat Keltiese stamme rondom 700 v.C. hier gewoon het en daar is ook bewyse van grafte uit die Bronstydperk.

Ons ontskep na ontbyt en reis na **Brugge** wat in die Vlaamse deel van België lê. Onderweg besoek ons **Antwerpen**, die hoofkwartier van Europa se diamanthandelaars en -slypers. Dit lê aan die Schelderivier met een van die grootste binnehawens in Europa. Ons kry geleentheid om die Grote Mark met sy indrukwekkende gewelgeboue te bewonder en miskien 'n Belgiese bier te geniet of die lekkerste sjokolade te proe. Die skilder, Rubens, het in Antwerp gewoon en gewerk en van sy kunswerke kan in die *Onze-Lieve-Vrouwe*-katedraal langs die markplein gesien word.

In Brugge gaan ons tuis in die hartjie van hierdie pragtige ou stad in die Hotel Duke's Arches, 'n ouwêreldse hotel. Ons bly twee nagte daar.

Do 11 BRUGGE

Brugge, ook bekend as "Die Venesië van die Noorde", is een van Europa se mooiste stede en een van België se kroonjuwele! In min ander stede is die voorkoms en belewenis van die Middeleeue so intens soos in hierdie sjarmante stad. Die historiese 'ou stad' met sy kronkelende voetgangerstraatjies, romantiese bruggies oor die vele kanale (*reien*), dekoratief-gerestoureerde gewelhuissies en museums vol kunsskatte is met reg tot 'n Unesco-wêrelderfenisgebied verklaar.

Alles is egter nie Middeleeus nie. Die Neo-Gotiese styl van die negentiende eeu is oral sigbaar, soos in die sierlike Gotiese toringkerke. Om by al die mooi plekkies uit te kom, vind ons besigtigingstoer hoofsaaklik te voet plaas. Dit bied 'n ideale geleentheid om die Belgiese kultuur van nader te leer ken.

Die res van die dag is vry vir inkopies en/of 'n opsionele kanaalvaart deur die Ou Stad. Diegene wat wil, kan na aandete 'n opsionele uitstappie na 'n teater oorweeg, in die stad rondwaal of vroeg gaan slaap.

Vr 12 BRUGGE – DURBUY – DINANT

Ons reis vandag suidwaarts en kry geleentheid om in die streek van Wallonië, die pragtige Ardenne gebied te besoek. Dit val in die Franse deel van België se platteland en is gewild onder natuurliefhebbers en avontuursoekers. Die area bied volop geleentheid vir stap, fietsry, roei en ander buiteligaktiwiteite. Daar is interessante rotsformasies, grotte en digte woude in die omgewing en verder is dit hoofsaaklik vrugbare landbougebied.

Die skilderagtige dorpie **Durbuy** het in 1331 'stadstatus' gekry en sedertdien word dit as een van die wêreld se kleinste 'stadjies' beskou. Die bekoorlike Middeleeuse plekkie met sy keisteenstraatjies, ou klipgeboue langs smal stegies en welige blomme, laat 'n blywende indruk by elke besoeker. Kunstenaars leef hulle graag hier uit en ons kry geleentheid om deur die winkeltjies te drentel waar heelwat plaaslike produkte verkoop word of om sommer net by een van die straatkafetjies te sit en kuier. Die kasteel wat hier langs die Ourtherivier uittroon, is in privaat besit, maar dit rond die poskaartprentjie mooi af. Daar is ook 'n toeristetreintjie wat opsioneel geneem kan word vir diegene wat meer van die dorpie en omgewing wil sien.

Ons reis verder na **Dinant** wat skilderagtig tussen die Maasrivier en die kalksteen rotswande ingegord lê. 'n Bekende baken is die bolvormige toringkerk met pragtige gebrandskilderde vensters en die fort wat bo die dorpie uittroon. 'n Kort rit met 'n kabelkar boontoe maak dit moontlik om die uitsig van bo af te geniet. Adolph Sax wat die saksofoon ontwerp het, was 'n boorling van Dinant en die brug oor die rivier bring hulde aan hom met 'n interessante kleurryke versameling van saksofone. Die bekende Belgiese *Leffe*-bier word in Dinant gebrou.

Ons oornag in die omgewing van Dinant of Brussel.

Sa 13 BRUSSEL – MÜNCHEN

Ons vertrek ná ontbyt na die lughawe in Brussel vir ons vlug **LH 2287** wat om **12:55** vertrek en om **14:10** in **München** land. **Vlug LH 578** na Suid-Afrika vertrek om **19:15**.

So 14 Ons land vroegoggend om **05:40** op **OR Tambo-lughawe** na 'n toer vol hoogtepunte en baie nuwe vriendskappe wat ons gesluit het.

LW: *Weens omstandighede buite ons beheer kan dit gebeur dat die toerprogram aangepas moet word.*